Oujaarsdag Oordenking
31 Desember 2008

Blye versekering – ek is gered!

"*Christus Jesus het in die wêreld gekom om sondaars te verlos*." Hierdie stelling in **1 Tim 1:15** som die totale bediening en lewe van Jesus op: om sondaars te verlos. Dit gee vir ons die rede waarom God 'n mens geword het. Die stelling is die hartklop van die Kersfees-boodskap: Jesus het gekom om sondaars te verlos. Dit is die wonderlike bewys van God se liefde vir ons. Dit is die fondament waarop die boodskap van die Kerk rus en die sleutel om alles wat in die Bybel geskryf is, te verstaan.

Die Goeie Nuus wat God vir ons het, en daarom die rede vir ons Kersfeesvierings, word in hierdie eenvoudige stelling uitgedruk: "*Christus Jesus het in die wêreld gekom om sondaars te verlos*." Dis maklik vir oud en jonk, vir ervare en onervare Christene om te verstaan.

As ons geloof wankel of ons verward is oor waaroor Kersfees regtig gaan en oor wat die kernboodskap van God aan ons nou eintlik is, moet ons oor dié stelling nadink, want dit is van groot belang vir almal. Ons haatdraendheid, ons gebrek aan liefde en die feit dat ons nie net vir God lewe nie bewys dat ons almal sondaars is. Ons is die sondaars wat Jesus kom verlos het. Ons is almal skuldig voor God en verdien sy veroordeling.

Maar - " *Christus Jesus het in die wêreld gekom om sondaars te verlos*." Ons weet Christus moes kom, want as Hy nie gekom het nie, sou ons almal verlore gewees het. Ons almal het redding nodig en nie een van ons kan onsself red nie.

Ons moet steeds onsself daaraan bly herinner dat Jesus uit die maagd gebore is en van die Heilige Gees ontvang is om sondaars te red.

Maar wat beteken dit om verlos te word?
Dit beteken vergifnis van sonde, versoening met God, om deur die Here as regverdig beskou te word en om deur die bloed van Jesus vrygekoop te wees. Dit beteken dat God se geregtigheid tevrede gestel is en dat Hy ons om Christus wil aanvaar en die donkerheid van sonde vervang met die lig van Jesus se teenwoordigheid in ons lewens. Om verlos te word beteken om die ewige lewe hier en nou te ontvang. Omdat Jesus van die Heilige Gees ontvang en uit die maagd Maria gebore is, en omdat Hy die pad van die kruis en van die opstandingsoorwinning geloop het, ontvang die kinders van die Here die ewige lewe.

Terwyl ons oor die betekenis van die Kersfees-seisoen nadink, moet ons aandag nie afgelei word van die ware betekenis van Kersfees deur al die goeie dinge wat baie mense in dié tyd doen om ander mense te help en gelukkig te maak nie. Kom ons onthou dat God se welbehae in die mense baseer is op die fundamentele waarheid waarop die hele Christendom staan: "*Christus Jesus het in die wêreld gekom om sondaars te verlos.*" Eers dan sal ons deernis met en ontferming oor minder bevoorregtes die ware boodskap van Kersfees oordra: Christus Jesus is ontvang van die Heilige Gees en gebore uit die maagd Maria om ons van ons sondes te verlos.

En omdat ons gered is, betree ons 2009 met vertroue en hoop. Ons is nie alleen nie. Ons is onder geen oordeel of vloek nie. Ons is gered van die verskriklike gevolge van ons onvolmaaktheid en ongehoorsaamheid. Ons is verlos van ons sonde, en daarom gee geloof ons die moed om uit te sien na 'n nuwe jaar waarin ons volgeling van Jesus gaan wees - ten spyte van enige onsekerhede en bekommernis.

Skep moed – Christus Jesus het een van ons geword om ons te red van ons sonde en van die gevolge van ons dwaasheid. Wees dapper en betree die nuwe jaar met blydskap en met vrede in jou hart! Nog voordat jy die eerste tree in die nuwe jaar gegee het, is jy alreeds van jouself gered!

Mag God jou elke dag van 2009 ryklik seën.